5 Mei 2010

OUEROMSENDBRIEF 14/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

Terugvoer

Die skool is 'n plek waar kinders leer terwyl hulle volwasse word. Kinders leer kennisinhoude en redeneervermoë, waardes en gedrag teenoor maats, volwassenes en teenoorgestelde geslag, om mee te ding, te ontspan, van hul eie kultuur en vaardighede waarmee hul hul lewe lank gaan werk.

Kortom, in 'n skool leer kinders om deel te neem aan 'n maatskaplike lewe.

Ten einde, vir kinders om beter te leer van die kennis- en kultuurvermeerdering (hierbo genoem), is terugvoer nodig.

Die skool gee terugvoer, skriftelik en mondeling in klaskamers en aan ouers, veral met een doelwit voor oë: Om die kind te ondersteun tydens sy/haar volwassewording.

Die terugvoer het bepaalde eienskappe, wat ons graag noem, naamlik:

- **Spesifieke inligting oor hoe kinders nie behoort op te tree nie.**
- **Spesifieke inligting oor hoe kinders wel behoort op te tree.**
- **Spesifieke inligting oor wat hul baie goed doen en behoort voort te sit.**

Hierbenewens mag kinders foute maak waaruit hul kan leer.

K O O P U V O E R T U I G B Y M c C A R T H Y T O Y O T A ,
H E N D R I K V E R W O E R D R Y L A A N . H U L O N D E R S T E U N
D I E S K O O L G E R E E L D . S ê U I S ' N O U E R V A N
B A K E N K O P A S U ' N O E R T U I G B Y H U L K O O P E N D I E
S K O O L K R Y ' N S K E N K I N G V A N R 1 0 0 0 . 0 0 K O N T A K
P E R S O N E P I E T E R V E L D S M A N (N U W E V O E R T U I E)
V A U G H A N P R E T O R I U S (A U T O M A R K) .
T e l : 0 1 2 6 5 3 9 4 0 0

Dit is deur dade, en nie bespiegelinge nie, dat mense volwasse word: En volwassenes hul lewens betekenisvol ervaar !

GESINSWERKWINKEL : 17 MEI 2010

ONDERWERP	**:**	**SELFBEELDONTWIKKELING BY KINDERS**
AANBIEDER	**:**	**WIETSKE BOON, SPELTERAPEUT**
KOSTE	**:**	**R50.00 PER PERSOON**
PLEK VAN AANBIEDING	**:**	**GEREFORMEERDE KERK, WILLEM BOTHASTRAAT WIERDAPARK**
TYD	**:**	**19H00**
SKAKEL KERKKANTOOR	**:**	**(012)-6545629 VIR BESPREKING.**

2. LIEF EN LEED

Ons dink aan Divan, Gr. 3/2, Brenden Gr. 5/3 en Liesel-Marié Bouwer Gr. 7/2 wie se Mamma by die huis aansterk na 'n groot operasie. Ons wens jul voorspoed en sterkte toe. Ons by Bakieland dink almal aan jul en dra jul as gesin op in ons gebede.

3. WINTERSDRAG

Ons skakel op 17 Mei 2010 oor na wintersdrag. Indien u kind vroeër koud kry kan hy/sy reeds wintersdrag aantrek.

4. NETBAL

Ons netbal dogters wil graag baie dankie sê vir al die ouers en borge wat ons so bederf het met sakke en lekker-kry pakkies vir die Super 6 naweek. Ons waardeer dit baie !!

5. LIONS CLUB FUN WALK

Die Lions Club Fun Walk word weer op Saterdag 29 Mei 2010 op Laerskool Bakenkop se rugbyveld aangebied. Daar is 'n 10km, 5km en 2km wedloop.

Elke leerder sal 'n inskrywingsvorm ontvang. Indien u gaan inskryf, stuur u inskrywingsvorm en inskrywingsfooi terug skool toe asseblief. Sien meegaande pamflet met alle inligting op.

Plak u inskrywing toe in 'n koevert en skryf buite op die koevert die aantal inskrywings en vir watter afstande, want dit gaan direk na die Lions Club.

Die skool kry 'n deel van die inskrywingsfooi.

6. REDENAARSKOMPETISIE

Baie sterkte vir die volgende leerders wat Woensdag, 5 Mei 2010 aan die ATKV redenaarskompetisie deelneem:

Corné Landsberg
Jason Schickerling
Isobel du Plessis
Charné Oosthuizen
Alta Bruwer
Harry Cassidy
Claire du Preez
Suné Kleynhans
Lise Bruwer
Erika de Vries
Laurine Kleynhans.

7. BOEK BUDDIES – OPVOERING GR. R – 7

Hoe kan ons die belangstelling vir lees by kinders kweek? Deur boeke fisies vir hulle uit te beeld d.m.v. drama.

Uittreksel uit verskillende kinder leesboeke word interessant opgevoer. Boek Buddies laat die karakters lewendig word en die leerders kan met die karaters identifiseer wanneer hulle weer later die boeke op hul eie lees.

Ek hoop dat u, u kind hierdie wonderlike geleentheid sal laat beleef.

OPVOERING : BOEK BUDDIES

DATUM : 12 MEI 2010-05-04

KOSTE : R10.00 per kind

Daar word twee verskillende opvoerings aangebied:
Gr. R – Gr. 3
Gr. 4 – Gr. 7.

8. ELEKTRONIESE OMSENDBRIEF

Baie dankie vir die terugvoer – dit is oppad – nog net ‘n kort tydjie, selfs voor die sokkerwêreldbeker !

Vriendelike groete

_____
J.W.C. SCHEEPERS
HOOF